Leeskaart Datum: ............. Lande: Koue lande Naam:.....................

1. Die koudste lande is aan die bokant en onderkant van die aarde. Aan die bokant van die aarde, rondom die Noordpool, lê die Arktiese gebied of Noordpoolstreek. Aan die onderkant van die aarde, om die Suidpool, lê Antarktika of die Suidpoolstreek.

2. Lande naby die Noord- en Suidpool is koud, omdat die sonstrale nooit regaf op hulle skyn nie. Vir 'n gedeelte van die jaar kom die son glad nie op oor die streek nie! In die winter is daar 'n tyd wanneer die son glad nie opkom oor die Noordpool of die Suidpool nie. In die somer is daar weer dae wanneer die son glad nie ondergaan nie. Vir ten minste een dag per jaar kan die son dwarsdeur die dag en die nag gesien word, dit word die "Middernagson" genoem.

3. Party van die mense wat in die Noordpoolstreke woon, word die Eskimo's (Inuits) genoem. Hulle dra dik klere van pelse gemaak en gebruik bloke harde sneeu om vir hulle winterhuise te bou. Hierdie huise word igloo's genoem. Hulle jag robbe, walruses en bere terwille van hul velle en ook vir voedsel. Eskimo's reis oor die ys in sleë wat deur poolhonde getrek word. In die somer woon hulle in tente wat van bokvelle gemaak word.





4. Die mans en seuns gaan in hul kajaks om vis te vang. Kajaks is kano's van ligte hout gemaak en met velle oorgetrek.

5. Die Laplanders woon ook in die Noordpoolstreke. Vir kos, klere en vervoer maak hulle op die rendiere staat. Laplanders swerf van een plek na die ander al agter hul kuddes aan. Hulle woon in tente van velle gemaak en dra klere met vrolike kleure. Hulle eet rendiervleis en kaas van rendiermelk gemaak. Die mans vang die rendiere met gooirieme wat lasso's genoem word.

6. Die eerste persoon om die Noordpool te bereik, was 'n Amerikaner met die naam van Peary. Die eerste persoon om die Suidpool te bereik, was 'n Noorweegse poolreisiger, Amundsen.

7. Die ysbeer het skurwe pot wat verhoed dat hy op die ys gly. Hulle eet enigiets wat hulle kan kry. Die walrus is 'n knorrige dier en sy lang slagtande skrik ander diere af. Die poolvos en die sneeuhoender het 'n wit winterbedekking. Jy kan hul nouliks raaksien in die sneeu. Lemmings is klein, donsige diertjies. Hulle lyk soos vet veldmuise en grawe tonnels op soek na plante wat onder die ys begrawe is.

8. In die somer verloor die poolvos en die sneeuhoender hul wit winterdrag en kry die sneeuhoender vrolike bruin vere om by die somerkleure aan te pas. Die muskusbeeste kom ook terug van die hooglande af, waar hul die winter deurgebring het. In die somer val heelwat van hul ruie hare uit.



9. Keiserpikkewyne maak nie nes nie. Die wyfie lê haar eiers gedurende die winter en die mannetjie staan so sodat die enkele eier op sy voete rus. Sy digte vere hou die eier warm. Sonder kos bly hy vir twee maande so staan en wag vir die donsige kuikentjie om uit te broei.

10. Die seeluiperd is die kwaaiste robsoort. Jy jag en vang pikkewyne vir kos. Die grootste robsoort is die see-olifant. Hy weeg amper net soveel soos 'n regte olifant. Hy het 'n lang neus wat soos 'n slurp lyk.